

21 Julie 2013

Skrifgedeelte: Matteus 27:32-56 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 27:50-54 (OAV)

God openbaar Homself deur die Skriftuur én natuur!

God openbaar Homself deur die Skriftuur en natuur. In albei openbaringsvorme openbaar God Hom as die Een wat altyd in beheer is en dinge laat gebeur op sy tyd soos Hy dit beveel. Hierdie twee openbaringsvorme is soos 'n lied wat op 'n kanon-manier gesing word – die een stel stemme val weg met die lied en na 'n gegewe tyd volg die volgende stel stemme (vgl. Ps. 19). Hierdie twee stelle stemme is in harmonie en vul mekaar luisterryk aan. Só is dit ook in Matteus 27 waar die Skriftuur en natuur God se almagswerke aanvullend en in harmonie verkondig.

Eers word die Skrifvervullende (vgl. bv. Jes. 53; Ps. 22) elemente aan die toeskouers (en die lesers vandag) verkondig daar waar Jesus na sy sterwensoomblik toe op pad is. Jesus stap die laaste trappe van sy vernedering op aarde. Hy is al so swak dat Hy nie meer die dwarsbalk van die kruis Self kan dra nie. Simon van Cirene moet help. Jesus weier om die asynagal-verdowingsmiddel te drink. Die soldate verdeel, deur die lot, sy klere en Hy hang nakend aan die vloekhout. Spottend word na Hom as die Koning van die Jode verwys. Twee misdadigers aan weerskante. Verbygangers, owerpriesters, skrifgeleerdes, ouderlinge, misdadigers spot Hom. Om 15:00 sterf Hy, en vóór 18:00 word Hy begrawe.

God se almagswerke kom terselfdertyd na vore as aanvullende natuurstemme tot God se Skrifopenbaring oor Wié sy Gesalfde is wat vir ons sondes kom betaal. Op God se tyd kom daar drie ure se duisternis. Sonsverduistering is nie ongewoon nie, maar drié ure daarvan ís! Die tempel se voorhangsel skeur van bo na onder. Dis geen mensewerk nie. Die aarde bewe, die rotse skeur oop. Weer geen mensewerk nie. Grafte gaan oop, gelowige afgestorwenes word lewend, loop die stad binne en verskyn aan baie. Ook is dít geen mensewerk nie! Dit is God wat sy almag toon. Dis aanvullende stemme aan die mensdom wat sê: "Word wakker! Mense, dis God wat deur die natuur sê dat Hy sy Ou-Testamentiese Skrifopenbaringe in Jesus in vervulling laat gaan! Hier is iets buitengewoons aan die gang. Bekeer julle!"

Geen spotter, owerpriester of skrifgeleerde kom egter tot bekering nie. Net die een misdadiger. En 'n klompie heidene – die Romeinse bevelvoerder en sy wagte. Hulle besef: "Waarlik, Hy was die Seun van God!" Die Fariseërs sit hulle ongeloof voort. Hulle hoor nie die Skriftuur- en natuuropenbaringe van God nie. Slegs diegene wat daartoe verordineer is, hoor God se roepstem in die natuur en Skriftuur, en kom tot bekering. Hoor jý dit?!

Sing: Psalm 19:1, 4, 7 (Totius)

Ds. AH Stavast (Kroonstad)